NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SINODALE KOMMISSIE OP 23 NOVEMBER 2006 OM 10:00 TE NG KERK KRAGGAKAMMA, PE

1 OPENING

1.1 Vergaderplek

1.1.1 Die Sinodale Kommissie vergader by die NG Kerk Kraggakamma, Gazanialaan 2, Port Elizabeth.

1.2 Opening

1.2.1 Die vergadering word geopen deur Dr S du Toit. Die vergadering sing Lied 198:1-3 en daarna lees hy uit 1 Sam 2:22-26.

1.2.2 Dr Du Toit maak die opmerking dat die kerk dalk in 1994 met die oorgang in SA gestol het, maar dat daar weer 'n nuwe energie en beweging in die laaste 18 maande losgekom het.

1.2.3 Samuel was 'n interessante Bybelkarakter – konserwatief in sy beskouings. Die volk het los geraak van die Here – Samuel se taak was om die volk na die Here terug te bring, die volk aan die Here te bind. Hy hamer vir 45 jaar op die feit dat die Here die Koning van die volk is. Die volk wil eerder 'n koning hê en daar volg 'n hele oorgang in die geskiedenis van die volk. Samuel se taak word uiteindelik volvoer as die volk tog leer om na die Here te luister – dit kom veral na vore ná die oorgang voltooi is.

1.2.4 Die kerk moet loskom van die moedeloosheid en die oorgangstyd as 'n geleentheid sien om opnuut te luister na die Here en in gehoorsaamheid te volg. Die krag van die Evangelie is die rigtinggewende stuwing wat ons dra en stuur in hierdie uitdagende tyd. Dr du Toit lei die vergadering in gebed.

1.3 Geloofsverbintenis: Oos-Kaapland

1.3.1 Onder die leiding van die voorsitter verbind die vergadering haarself weer eens tot die sinodale geloofsverbintenis

GELOOFSVERBINTENIS

Ons glo aan een kerk as die spieëlbeeld van ons een God: Vader, Seun en Heilige Gees.

Daarom verbind ons ons aan eenheid onder mekaar, in ons kerkfamilie en met ander Christene oor die wêreld.

Ons glo aan 'n heilige kerk wat deur wet en belydenis 'n ligdraer in die wêreld is.

Daarom verbind ons ons om as Geesvervulde mense prakties aan die evangelie gestalte te gee.

Ons glo aan 'n algemene kerk wat weens Christus se koningskap oor tyd en ruimte heen bestaan;

Daarom verbind ons ons om die boodskap van Christus oor die wêreld heen te dra.

Ons glo aan 'n Christelike kerk wat as barmhartigheidsgemeenskap in Christus gesalf is;

Daarom verbind ons ons om met dade lief te hê en blymoedige offers te bring.

Ons glo aan die gemeenskap van die heilige wat hulle gawes met vreugde tot nut van mekaar gee;

Daarom verbind ons ons om na mekaar om te sien en die ander se belang eerste te soek.

2 KONSTITUERING

2.1 Dagbestuur van die SK

Ds EGJdeG Schutte – Voorsitter
Dr ACV van Wyk – Onder-voorsitter
Dr S du Toit – Aktuarius
Ds DW Mouton – Skriba (Verskoning)
Ds AC vd Westhuizen – Notulerende Skriba
Ds M van Niekerk
Ds PL Louw (Verskoning)
Ds DF Oelofse (Sek vir skriba)
Ds CH van Heerden – DL Finansies

2.2 Lede deur die Ringe benoem

RINGE	PRIMARII	SEKUNDI
Albanie	Ds WG Olivier Oudl A Büchner	
Algoa	Ds JP Kampman Oudl (me) EJ Langenhoven (Algoapark)	
Burgersdorp	Ds AC vd Westhuizen (Aliwal-Noord) Oudl (me) CJ Nel (Aliwal-Noord)	

Cradock	Ds HM Strydom (Middelburg) Oudl (me) AS Smit (Cradock-Noord)	
Dordrecht	Oudl L Theron (Barkly-Oos)	Dr JGM Richter (Barkly-Oos)
Graaff-Reinet	Ds JWE Esterhuizen	Oudl (me) S Francis
Humansdorp	Ds DF Oelofse (Humansdorp) Oudl JZ du Plessis	
Oos-Londen	Ds JSJ Swart	
Port Elizabeth	Ds M van Niekerk	
PE-Wes	Ds C Coetzee Oudl (ds) GEG Louw	
Queenstown	Ds H Retief	
Sondagsrivier	Ds AHG Lötter Diak SE Phillipson	
Uitenhage		Ds CJ Stumke

2.3 Adviserend

Dr JWJ Viljoen – Direkteur Administrasie

2.4 Op uitnodiging – Netwerkbestuurders

BNet – Ds BIC Steyn

2.5 Lief en Leed

2.5.1 Die voorsitter heet die nuwe lede van die vergadering in die besonder welkom as lede van die vergadering.

2.6 Reiskostevorms

2.6.1 Die DA tref die nodige reëlings in verband met die reiskostevorms

3 SITTINGSURE

10:00-10:30 Tee
10:30-13:00 Vergadering
13:00-13:45 Ete
13:45- tot met afsluiting van die vergadering.

Besluit: Goedgekeur

4 UITBREIDING VAN DIE SAKELYS

Die sakelys word met die volgende sake en bylaes aangevul:

- **Pt 5.6 Notule SK-Dagbestuur 2006-11-22 Bylaag Z**
- **Pt 6.2.6 Gemeentes se finansiële verantwoordelikheid teenoor die algemene kerkverband (pt 5.8) Bylaag AA**
- **Pt 6.2.12 ACCRA-verklaring (pt 11.3) Bylaag Y**
- **Pt 9.1.2 Grondeise Bylaag W**
- **P 12.3 Vergoeding van leraars en toelaes Bylaag X**

5 NOTULES VIR KENNISNAME

5.1 SK – 2006-05-18 Bylaag A

5.2 SK-Dagbestuur – 2006-05-18 Bylaag B

5.3 SK-Dagbestuur – 2006-07-27 Bylaag C

5.4 SK-Dagbestuur – 2006-10-26 Bylaag D

5.5 SK-Dagbestuur – 2006-11-09 Bylaag E

5.6 SK-Dagbestuur – 2006-11-22 Bylaag Z

Die vergadering neem kennis van hierdie notules.

6 SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

6.1 SK-Dagbestuur 2006-11-09 Bylaag E

6.1.1 Wysiging: Reglement vir die Teologiese Beursfondse (pt 5.2.2)

Staan oor tot by pt 6.2.3.2

6.1.2 Begroting (pt 6.1)

Staan oor tot by pt 10.1 op die sakelys

6.2 SK-Dagbestuur 2006-10-26 Bylaag D

6.2.1 Terugvoer Ad Hoc-Kommissie: Sentrale Salarisstelsel (pt 5.1) Bylaag K

6.2.1.1 Besluit: Die vergadering neem kennis van die verslag en keur die aanbeveling (pt 7.1 Bylaag K) goed.

6.2.2 Teologiese begronding van verskillende vergaderstyle (pt 5.3) Bylaag F

6.2.2.1 Besluit: Die vergadering neem kennis van die inhoud van Bylaag F.

6.2.3 Ad Hoc Werkgroep re Tentmakersbediening (Opleiding van lidmate wat onder toesig in gemeentes bedieningshulp verleen) (pt 5.5)

6.2.3.1 'n Uiteensetting van die opleidingsmodel vir lidmate wat onder kerklike toesig in gemeentes bedieningshulp verleen **Bylaag G**

6.2.3.1.1 Besluit: Die vergadering keur die opleidingsmodel goed, met die wysiging dat die sin in pt 7 kol 2 pt 3.4 as volg sal lees: "...Hierna verleen die betrokke kerkrade aan hulle die toestemming (ipv bevoegdheid) om in die gemeente met die bediening behulpsaam te wees."

6.2.3.2 Wysiging aan die reglement vir die Teologiese Opleidingsfondse (pt 5.5.2.4)

Bylaag U + Bylaag E pt 5.2

6.2.3.2.1 Besluit: Die vergadering keur die wysiging aan die reglement goed, met die wysiging aan Bylaag U pt 4.1 om te lees: "Applikante vir beurse sal gekeur word en beurse sal toegeken word volgens die diskresie van die Trustees."

6.2.4 Gesprek met ringsleraars: PE Wes (pt 5.6)

6.2.4.1 Moderatuurslede gee terugvoer.

6.2.4.1.1 **Besluit: Die vergadering neem kennis van die terugvoer deur die Aktuarius re die gesprek.**

6.2.5 Moontlike nuwe sinodale pos (pt 5.7)

6.2.5.1 'n Inligtingstuk vandaf die SK-Dagbestuur met 'n versoek om kommentaar het by elke ringsvergadering gedien. **Bylaag H**

6.2.5.2 Ds Hansie Schutte het navorsing onderneem oor die sinodale besluite re 'n tweede direkteurspos in die sinodale struktuur. **Bylaag I**

6.2.5.3 Terugvoer is in hierdie verband van ringe ontvang. **Vervangende Bylaag J en J.1**

6.2.5.4 Besluite:

6.2.5.4.1 Die vergadering neem kennis van Bylaes H, I en Vervangende Bylaes J en J.1.

6.2.5.4.2 Die vergadering kom tot uitvoering van die besluit van die Sinode 1999 om twee direkteure in sinodale diens aan te stel;

6.2.5.4.2.1 gee opdrag aan die SK-Dagbestuur om voort te gaan met die proses om die sinodale pos van DBSK te vul; en

6.2.5.4.2.2 om al die nodige stappe te doen sodat die Sinodale Kommissie die aanstelling van 'n DBSK kan doen met diensaanvaarding op 1 Maart 2007 of sou gou moontlik daarna.

6.2.6 Gemeentes se finansiële verantwoordelikheid teenoor die algemene kerkverband (pt 5.8) Bylaag AA en Bylaag Z

6.2.6.1 Die SK-Dagbestuur beveel as volg aan: **Die SK stel 'n ad hoc taakspan saam om 'n aanbeveling vir die volgende sinodale vergadering in 2007 voor te berei re die befondsing van die Oos-Kaapse bydrae tot die funksionering (begroting) van die Algemene Sinode. Aanbeveel dat die DL Finansies (Sameroeper), DA en Aktuarius hierdie taakspan vorm, met die opdrag om wyd te konsulteer.**

6.2.6.2 **Besluit: Goedgekeur**

6.2.7 Appél WSH du Randt (pt 5.10)

6.2.7.1 Die aktuarius gee mondelings terugvoer.

6.2.7.2 Besluit: Kennis geneem.

6.2.8 Oos-Kaap Konvent vir Eenheid (pt 7.3) Bylaag L

6.2.8.1 Besluit: Die vergadering neem kennis van die notule van die Oos-Kaap Konvent vir Eenheid en keur die aanbevelings soos vervat in Bylaag L pt 4.1.6 goed.

6.2.9 Gesprek met ringsleraars re kerkhereniging (pt 9.2) Bylaag M

6.2.9.1 Besluit: Die vergadering neem kennis van die verslag en keur die aanbevelings soos vervat in Bylaag M pt 5 goed. Die Moderatuur word in die besonder getaak met hierdie opdrag.

6.2.10 Beskrywingspunte: Ring van Queenstown (pt 10.1)

6.2.10.1 Die Aktuarius en ds Arnold van der Westhuizen adviseer die vergadering.

6.2.10.2 Besluit: Die vergadering verwys die saak verder na die Sinodale Regskommissie wat alle moontlike beskrywingspunte by die eerskomende Sinodesitting sal voorlê.

6.2.11 Ring van Humansdorp en Sinodale Dankoffers (pt 10.5) Bylaag N en Z

6.2.11.1 Die vergadering neem kennis van Bylaag N.

6.2.11.2 Besluit: Die vergadering keur die besluite van die Dagbestuur en aanbevelings by pt 5.1.1 op Bylaag Z goed.

6.2.12 ACCRA-verklaring (pt 11.3)Bylaag Y

6.2.12.1 Besluit: Die vergadering keur Bylaag Y goed.

6.3 SK-Dagbestuur 2006-07-27 Bylaag C

6.3.1 R10-fonds (pt 5.2.5.2)

6.3.1.1 Die SK het die R10-fonds in die lewe geroep met die oog op hulp aan kleiner plattelandse gemeentes. Die DA doen verslag oor die grootte van die fonds.

6.3.1.1.1 Besluite:

6.3.1.1.1.1 Die vergadering neem kennis van die mededeling van die DA – die fonds staan op R88 078.

6.3.1.1.1.2 Die DA rig 'n skrywe aan ringe met die inligting oor die stand van die fonds en dat hulpbehoewende gemeentes in lyn met die riglyne vir aansoeke om hulp uit die Sinodale Hulpfonds soos in Regl 8 weergegee aansoek kan doen om hulp uit hierdie fonds.

6.3.2 Interne Rekenmeester (pt 19.3)

6.3.2.1 'n Bedankingsbrief met 'n kalendermaand kennisgewing, gedateer 1 November 2006, is van die interne rekenmeester ontvang.

6.3.2.1.1 Besluit: Kennis geneem.

6.3.2.2 Die SK-Dagbestuur het op bepaalde reëlings in die geval van haar bedanking besluit – sien meegaande bylaag. **Bylaag O**

6.3.2.2.1 Besluite: Die vergadering bekragtig die aanbevelings in Bylaag O; en

6.3.2.2.2 besluit dat die interim-reëling dat die DA tydelik die sinodale boekhouding hanteer na 12 maande herevalueer word.

6.4 SK 2006-05-18 Bylaag A

6.4.1 Afvaardiging na die Algemene Sinode 2007 (pt 9.1.3) Bylaag P

6.4.1.1 Aanbevelings:

***1 Die SK keur die gewysigde afvaardiging na die Algemene Sinode (Bylaag P) goed.**

***2 Indien verdere wysigings ontstaan, word die afvaardiging op aanbeveling van ringe of die SK-Dagbestuur gewysig.**

6.4.1.2 Besluit: Goedgekeur

7 GOEDKEUR VAN RINGSPROJEKTE / TERUGVOER BYLAAG Q

7.1 Besluit:

7.1.1 Die vergadering keur die ringsprojekte soos aan die vergadering voorgelê in Bylaag Q goed.

8 KERKHERENIGING

8.1 Gesamentlike Verklaring Achterberg-byeenkoms Bylaag R

8.1.1 Besluit: Kennis geneem.

9 ALGEMENE SINODE

9.1 Grondeise

9.1.1 Dr Thys Smith van die Algemene Sinodale Taakspan vir grondeise tree in gesprek met die vergadering. Hy doen dit aan die hand van die volgende vier punte:

9.1.1.1 Hoekom praat die kerk oor die saak?

- Vir die doel van die gesprek word met "kerk" verwys na die kerk in Suid-Afrika en nie net die NG Kerk in die besonder nie.
- Daar is baie onkunde in die breë gemeenskap oor die hele saak van grondhervorming.
- Die kerk het ook eiendomme en daar is ook eise teen kerkgrond ingestel.
- Die meerderheid van kommersiële boere in SA is lidmate van die kerk – die kerk het dus taak om lidmate pastoraal te begelei en te ondersteun in hierdie die hele saak.
- Hoë konflik-potensiaal in die groter gemeenskap en ook in kerk. Grondhervorming het egter ook 'n baie groot versoeningspotensiaal.
- Profetiese rol van die kerk – Die Bybel is baie aktueel vanuit die Ou Testament oor die betekenis van grond (vgl verhaal van Nabot se wingerd). Die mens is rentmeesters van God se grond.

9.1.1.2 Wat is grondhervorming?

"Grondhervorming" gaan oor:

- 'n Wanbalans van grondbesit wat deur die nuwe regering aangespreek word (30% van landbougrond moet teen 2014 in besit van swart boere wees);
- restitusie van grond wat onteien is;
- 'n sekerheid van verblyfreg wat gevestig moet word.

9.1.1.3 Wat is die NG Kerk se standpunt?

- Die AS 2002 het 'n besluit geneem met 9 riglyne – 'n beginselbesluit met 8 praktiese riglyne vir die uitvoering van hierdie proses van grondhervorming.

9.1.1.4 Wat kan die kerk prakties doen?

- Die kerk moet ingelig wees – veral diegene in landelike gebiede.
- Die landbougemeenskap moet in gebed gedra word – hulle is onder groot druk.
- Die kerk moet voortgaan om oor gesindhede leiding te gee en baie hard werk aan die bou van verhoudinge. Vertroue moet herstel word.
- Die kerk kan dalk meer bemiddelende rolle speel – met nederigheid en beskeidenheid – veral in gebiede waarin daar nie goeie kommunikasie is nie.
- Die kerk het die uitdaging om te help met die vestiging van suksesverhale om die negatiewe stroom teen te werk.
- Die kerk moet hoop gee en hoop by mense skep. Ware hoop en nie valse hoop nie – dit kan slegs die Evangelie van Christus bring.

9.1.2 Skrywe: Dr Kobus Gerber re Taakspan Grondhervorming Bylaag W

9.1.2.1 Die vergadering wys Br IJ van der Merwe (Prim) en Oudl L Theron (Sek) aan om die Sinode te verteenwoordig by hierdie taakspan.

10 FINANSIES EN ADMINISTRASIE

10.1 Goedkeuring van Begroting 2007 / 2008 Bylaag S, S.1, S.2

10.1.1 Besluite:

10.1.1.1 Die vergadering neem kennis van Bylae S en S.2

10.1.1.2 Die vergadering keur die begroting vir 2007 / 2008 soos voorgelê in Bylae S.1 goed.

10.2 Veranderlikes: Sinodale Dankoffers Bylaag V

10.2.1Besluit: Aanbevelings op Bylaag V soos voorgelê aan die vergadering, word goedgekeur.

11 KORRESPONDENSIE

11.1 Versoek: Ds E Malan

11.1.1 Ds Eugene Malan versoek die sinode se finansiële ondersteuning vir ‘n besoek aan die VSA wat hy saam met ds Deon Kitching van Youthnet onderneem.

11.1.2 Die vergadering neem kennis en verwys die saak na BNet om die SK-Dagbestuur te bedien met 'n beleid om hierdie aansoeke te hanteer.

11.2 Versoek: Affiliasiegelde CMR

11.2.1 Me Erasmus, Direkteur Maatskaplike Dienste van die CMR, versoek die SK om weer die jaarlikse affiliasiegelde by KMDR ten bedrae van R2,200 te betaal.

11.2.2 Die SK voldoen aan die versoek van die CMR.

12 ANDER SAKE

12.1 Datums vir 2007 Bylaag T

12.1.1Besluit: Goedgekeur met die invoeging by pt 8 Sitting Algemene Sinode 4-7 Junie 2007.

12.2 Beplanning van Sinode 2007

12.2.1Die vergadering bespreek die beplanning van die sinodale vergadering van 2007.

12.2.1.1 Besluit: Die vergadering gee opdrag aan die Moderatuur en DA (met die reg op koöptering) om voort te gaan met die beplanning van die sinodesitting.

12.3 Vergoeding van leraars en toelaes Bylaag X

12.3.1Die vergadering neem Bylaag X (laatstuk by die vergadering) in behandeling.

12.3.2 Besluite:

12.3.2.1 Bylaag X word goedgekeur en sal aan kerkrade versprei word.

12.3.2.2 Die vergadering gee opdrag aan DA en DL Finansies om riglyne op te stel vir wie kwalifiseer vir oornagverblyf.

12.4 Navraag: Aktuarius

12.4.1Die Aktuarius bring dit onder die vergadering se aandag dat 'n gemeente in die sinodale gebied 'n persoon beroep het nog voordat die legitimasie vir 2006 deur die kuratorium op Stellenbosch afgehandel is.

12.4.2 Besluit: 'n Beroep in so 'n geval sal in terme van die Kerkorde ongeldig wees. Die betrokke ring sal dienooreenkomstig deur die Akuarius ingelig word.

12.5 Sluiting: Sinodale kantoor

12.5.1Die kantoor sal gesluit wees van 15 Desember 2006 tot 8 Jan 2007.

12.6 Buvton: VTO 2007

12.6.1Ds Barnard Steyn doen 'n mondelingse mededeling aan die vergadering oor 'n roepingsgerigte retraite wat BUVTON wil aanbied in 2007 as 'n eerste rondte vir die nuwe VTO-proses wat in die vooruitsig gestel.

12.6.2 Besluite:

12.6.2.1 Die vergadering keur goed dat bemarking vir hierdie retraite gedoen kan word in die sinodale gebied.

12.6.2.2 BUVTON, Shepherd en Excelsus kan al drie voorleggings oor hulle VTO-projekte aan die Sinode maak.

13 AFSLUITING

13.1 Die voorsitter versoek Ds Herman Retief om die vergadering met gebed af te sluit. Die vergadering verdaag.